**31 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 85**
**Fokusgedeelte: Psalm 85:7**

## Gebed bring vernuwing in jou lewe

Voel jy soms dat jou lewe versink in ’n dooie roetine van ’n daaglikse eentonige reëlmaat sonder geestelike deurbrake in jou verhouding met God? Dan moet jy hierdie Psalm lees. Dit is ’n gebed wat jou gemoed lig maak en jou verhouding met God herstel.

Hier is drie eienskappe van ’n opregte gebed. In vers 2-4 loof jy die Here vir sy roemryke liefdesdade in die verlede. Onthou dan hoe die Here in sy goedheid reeds deur Jesus Christus jou sondes van die verlede vergewe het.

In vers 5 tot 8 smeek jy in voorbidding dat die Here jou sal vergewe van vandag af vorentoe en jou nie langer jou sondes sal bly toereken en vir jou kwaad bly nie.

Ten slotte, in vers 9 tot 13 wag jy op die Here se verhoring van jou gebed. Hy antwoord in ’n wonderlike belofte van *liefde en trou* en van *geregtigheid en vrede* wat jou sal verbly in jou nuwe lewe en jou sal oortuig van jou totale redding. Dit is wat Jesus Christus vir jou gebring het.

*Sing: Psalm 149:1, 2*

*Ds. LJ Buys (Rustenburg-Wes)*